

# 11

## PINKSTER

### *Die opdrag om te doop*

#### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat God die opdrag gee dat ons gedoop moet word.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat God aan die kerk die opdrag gee om mense te doop.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet bly wees dat die Doop hulle verseker dat hulle aan God behoort.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om vir iemand te vertel waarom hulle gedoop is en wat dit vir hulle beteken.

#### **MEER INLIGTING (Handelinge 2: 37-42)**

In die dissipels se tyd het mense wat God vroeër nie geken het nie en nou gehoorsaam aan Hom wil lewe, vir Petrus gevra wat hulle moet doen om gered te word. Wat hulle wou weet, is: *Waar begin 'n mens wanneer jy besluit om gehoorsaam aan God te wees en so te lewe dat mense in alles wat jy doen, kan sien dat jy God se kind is?* Petrus antwoord dat die eerste wat 'n mens moet doen, is om jou te bekeer. Om jou te bekeer, beteken letterlik om om te draai of weg te draai na God toe. Jy draai weg van die verkeerde manier van lewe, en draai na God toe om jou deur die Heilige Gees krag te gee om te begin lewe soos wat God van jou vra. Voortaan dink jy nie meer aan verkeerde goed nie, en jy doen jou uiterste bes om nie meer te sondig nie.

Die volgende wat hierdie mense moes doen, was om hulle te laat doop. God het dus die Doop ingestel en die opdrag gegee dat mense gedoop word.

Die kerk doop mense in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Met hierdie manier van doop bely ons ook op 'n besondere manier dit wat ons glo oor die Doop.

- As ons gedoop word *in die Naam van die Vader*, dan beteken dit dat ons glo God is ons Vader wat vir ons sorg. Hy het baie lank gelede met ons 'n verbond gesluit (kyk weer Lesse 1 en 2). Dit beteken dat God vir ons *lief is en ons nooit alleen sal los nie*. Hy sal vir ons gee wat ons nodig het soos Hy belowe het.

Die verbond wat God met ons gesluit het, herinner ons ook daaraan dat ons 'n verantwoordelikheid het teenoor God. Hy is ons Vader en ons is sy kinders. Hy is lief vir ons en sorg vir ons. Daarom moet ons gehoorsaam aan God leef en met die manier waarop ons leef, vir ander mense wys dat ons sy kinders is en dat ons gehoorsaam aan Hom leef. Ons wys dus dat ons wegdraai van dit wat sleg en lelik is, en dat ons na God toe draai om ons te help om mooi te kan verstaan wat Hy van ons vra.

- Om te doop *in die Naam van die Seun*, beteken dat ons glo Jesus Christus het ons kom verlos van sonde en dood deur in ons plek te sterf (kyk weer Les 10). Jesus het die oorwinning oor sonde en dood behaal, en sonder dat ons dit kan verdien, deel ons in daardie oorwinning. Dit beteken dat die oorwinning wat Jesus behaal het, ook ons oorwinning is. Wanneer die rugbyspan wat jy ondersteun in die Super 15 'n oorwinning behaal, het jy self nie deelgeneem aan die wedstryd of iets gedoen dat hulle die oorwinning behaal nie. Jy het langs die kantlyn gesit. Omdat dit jou span is en jy hulle graag ondersteun, is jy bly omdat hulle gewen het. Jy deel in hulle oorwinning, dit is ook jou oorwinning, want dit is jou span. Jy het saam gewen sonder dat jy iets gedoen het om daardie oorwinning te kan verdien. So deel ons ook in die oorwinning wat Christus oor die dood en sonde behaal het sonder dat ons dit kan verdien. Christus se oorwinning word ook ons oorwinning.
- Wanneer mense gedoop word *in die Naam van die Heilige Gees*, bely ons daarmee dat ons glo God werk deur sy Gees in elkeen van ons se lewens. Die Heilige Gees help ons om vas te glo dat ons verlos is van sonde en dood. Ons kan dit nie uit ons eie glo nie. God moet ons help. Die Heilige Gees werk so in ons harte dat ons al hierdie dinge kan glo.

Op pinksterdag het God sy Gees uitgestort. God die Heilige Gees het by ons kom bly. Petrus het gepreek, en God het mense deur sy Gees gehelp om te kan glo. Omdat God hierdie mense wat na Petrus geluister het, gehelp het om te glo, het drieduisend mense daardie dag tot bekering gekom. Nadat hulle weggedraai het van die sonde en na God toe gedraai het, is hulle gedoop.

Ons doop in die kerk klein babatjies wat glad nie verstaan wat die Doop beteken nie. Ons doop ook grootmense wat nie gedoop is toe hulle kinders was nie. Met die Doop kom sê God as't ware vir ons dat ons aan Hom behoort, dat Hy ons duur gekoop het, dat Hy nie vir ons skaamkry nie, en dat Hy ons aan Hom vasgemaak het. Al verstaan 'n klein babatjie niks van hierdie dinge nie, kan die babatjie se ouers weet dat God al hierdie dinge ook vir dié klein babatjie gee.

Wanneer ons as babatjies gedoop word, belowe ons ouers vir God dat hulle al hierdie dinge vir ons sal leer en sal sorg dat ons grootword soos gehoorsame kinders. Daarom moet ons gehoorsaam wees aan God en aan ons ouers om hulle ook te help om hierdie belangrike belofte wat hulle aan God gemaak het, na te kom.

Ons dank God dat Hy ons deur die Doop daarvan verseker dat Hy vir ons lief is, Hom nie vir ons skaam nie, en ons Syne maak.

## **AANBIEDING**

### **JY HET NODIG**

- Die Bybel.
- Doopformulier (by [www.nhka.org](http://www.nhka.org)).

### **KOM ONS BEGIN**

Open met Gesang 290: 1 as gebed.

*Dit is my troos dat ek gedoop is,  
dat ek gedoop is in u Naam,  
want deur die doop is ek verseker  
dat U in guns U nooit nie skaam  
as Vader, Seun en Heil'ge Gees  
om ook my God genoem te wees. Amen.*

### **VANDAG LEER ONS**

#### **BEGIN SO**

Die opdrag om te doop, kom van God af. Wanneer ons as babatjies gedoop word, maak ons ouers sekere beloftes aan God, en God verseker ons van sy kant af dat Hy getrou sal bly aan al die beloftes wat Hy aan ons gemaak het .

#### **IETS INTERESSANT**

Dra die inhoud van MEER INLIGTING oor.

#### **IETS BELANGRIK**

- Lê klem op die feit dat ons gedoop word in die Naam van die Vader, van die Seun en van die Heilige Gees.
- Verduidelik hoe belangrik dit is om gehoorsaam aan God te leef na aanleiding van die derde vraag waarop ouers antwoord wanneer hulle hulle kinders ten doop hou:

***Beloof*** u en is dit u voorneme om hierdie kind(ers) van u sodra hy/sy/hulle dit kan verstaan, hieroor na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?

- Skerp dit in dat hulle dit vir hulle ouers maklik moet maak om hulle belofte na te kom deur gereeld erediens en kategese toe te gaan.

## IETS OM TE DOEN

Laat die kinders in groepies van drie tot vier sit – een uit elke graad – en die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Gee hulle 'n paar minute kans. Laat hulle hulle antwoorde lees, en help hulle reg waar nodig.

- Wie het die opdrag gegee dat mense gedoop moet word? *God het die opdrag gegee.*
- Wat beteken dit om jou te bekeer? *Bekering beteken: Jy draai weg van die verkeerde manier van lewe, en draai na God toe om jou deur die Heilige Gees krag te gee om te begin lewe soos wat God van jou vra.*
- Wat het gebeur op pinksterdag? *Die Heilige Gees het by ons kom woon.*
- Hoeveel mense het op pinksterdag tot bekering gekom? *Drieduisend.*
- Wie mag gedoop word – net babatjies, of net grootmense? *Babatjies en grootmense.*
- Wat beteken dit om gedoop te wees –
  - in die Naam van die Vader? *Dat die Vader vir ons sal sorg.*
  - in die Naam van die Seun? *Dat ek deel in die verlossing wat Jesus gebring het.*
  - in die Naam van die Heilige Gees? *Dat ek vas kan glo dat ek God se kind is, dat die Heilige Gees my help om reg te lewe, en dat ek die versekering het dat God altyd by my sal wees.*
- Gee 'n voorbeeld om te verduidelik wat dit beteken dat jy *deel het* aan Jesus se oorwinning oor die sonde en dood. (Sien die voorbeeld by MEER INLIGTING van jou rugbyspan wat wen.)

## BY DIE HUIS

### DOEN

Laat die kinders in hulle lidmaatboekies gaan kyk waar en wanneer hulle gedoop is, en ook wie die dominee is wat hulle gedoop het.

### LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Om gedoop te wees in die Naam van die Vader, beteken dat God sy verbond (beloftes) aan my nakom en dat ek seker kan wees Hy sal vir my sorg. Hy is my Vader en ek is sy kind.
- Om gedoop te wees in die Naam van die Seun, beteken dat Jesus Christus in my plek aan die kruis gesterf het. Sonder dat ek dit verdien, deel ek in die oorwinning wat Hy behaal het oor sonde en dood.
- Om gedoop te wees in die Naam van die Heilige Gees, beteken dat God aan my die Heilige Gees gee om my te help om seker en vas te kan glo dat ek God se kind is. Die Heilige Gees help my ook om reg te lewe soos wat God van my vra. Dit beteken ook dat ek die versekering het dat God altyd by my sal wees.

### AFSLUITING

Sluit af met Gesang 290: 3 as gebed.

*Dit is my troos dat U, Heer Jesus,  
as Seun my deur u bloed wil was;  
dat U my inlyf in u sterwe  
en vrymaak van my sondelas;  
dat U my met U óp laat staan  
en op 'n nuwe weg laat gaan. Amen.*

**BELANGRIK**

Reël betyds met die orrelis en die dominee om 'n lied te kies en al die kinders in die gemeente dit te laat oefen. Al die kinders in die gemeente gaan met Les 13 die lied in die erediens sing.